

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

ds. PJ Kriel

19.04.2020

Inhoud hierdie preek wys dat Jesus in afgodsdienste net gebruik word om mense se narsistiese geestelikheid te bevestig. In hierdie geestelike selfbewondering word Jesus se dood gesien as God wat goddeloses se gevoel dat hul spesiaal en besonders is, herbevestig. Hierteenoor vervul Jesus Christus God se verbondsbeloftes ter wille van die eer van sy Naam. Dit is God se eer om ons nie volgens ons sondes te behandel nie, maar volgens sy liefde, omdat sy liefde sy eer is. Wie Christus só vertrou, breek uit hulle geestelike narsisme en verbind hulle weer tot naaste liefde soos hulle self. Dit wys dat die geestelikes in die NG Kerk net soos met die ballinge in Babilon nog steeds nie met die afgodsdienste kan breek dat God nie ons selfwaan oor hoe spesiaal en besonders ons is, sou bevestig nie.

Skriflesing Esegieël 20: 5 – 7, 9, 14, 15, 23, 42, 43; 36: 22; 37: 25; Joh. 17: 4 – 5, 24 – 25.

Teks Eseg. 20: 44 “Wanneer Ek met julle handel soos die eer van my Naam vereis en nie volgens julle sondige optrede nie, julle slegte daade nie, sal julle besef dat Ek die Here is.”

Tema Christus vergewe ons omdat God se liefde sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

1. Alle afgodsdienste gaan oor die lewenshouding: “Ek en ander moet myself lief hê.” Dit is die alternatiewe wêreldse houding vir die ingesteldheid wat Here van ons eis: “Jy moet jou naaste soos jouself liefhê.”

“God en ander mense moet my liefhê soos ek myself liefhet!” Vir hierdie ingesteldheid is daar al in die sielkunde ’n woord gemunt: narsisme! Dit is ’n selfliefde waar ’n mens hom of haar self sien as besonders, spesiaal, uitsonderlik in aansien, aantreklikheid, mag en slimheid, maar sonder dat hulle enige uitstaande eienskappe het.

Ouers is baie keer besig om hierdie soort selfliefde in kinders vas te lê deur aan hulle voor te hou dat hulle besonders, spesiaal, mooi en slim is, sonder dat hulle kinders hierdie uitstaande eienskappe het. Dit is mos totaal iets anders om jou kinders die geborgenheid te gee dat hulle altyd vir jou liefde kosbaar is, as om in hulle ’n lewenshouding te skep hulle is besonderse en spesiale kinders, sonder dat hulle uitstaande en anders as ander kinders is.

Hierdie is die hart van die afgodsdienste van die mens: “Ek en ander moet myself liefhê.” Dit is niks anders as selfverheerliking nie.

2. Die Bybel, en die hele Christelike geloof, word vir hierdie selfverheerliking van die mens opgeëis. Dit is die trefsin waarmee geestelikes jou vir hulle selfverheerlikende

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

geestelikheid wil wen. Hulle probeer jou verlei met hierdie vraag: “Weet jy hoe spesiaal is jy vir God? En dan vertel hulle jou hoe spesiaal is jy: jy is so spesiaal vir God dat Hy Jesus sy eie Seun vir jou gegee het om vir jou te sterf, ja, Hy het sy enigste Seun vir jou opgeoffer, só spesiaal, só besonders is jy vir God!

Hierdie is vandag feitlik alle bekende evangelisasie veldtogte en – werkers, se aankondiging waarmee hulle jou in hul selfverheerlikende geestelikheid wil intrek.

Jy is só spesiaal dat God sy Seun vir jou opgeoffer het!

Die profeet Esegïël se hele lewenswerk was teen hierdie tipe afgodsdienste gerig gewees. Teenoor die selfverheerlikende geestelikheid van die Jode het hy die teendeel gestel: “Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is onder die nasies waar julle gekom het.” (36: 22)

God word nie gemotiveer om God te wees soos Hy vir ons God is, omdat ons so besonders en spesiaal is nie. God word innerlik gemotiveer in Homself as God om met ons te handel volgens die eer van sy Naam.

Dit is ook hoe ons die aankondiging van Christus in Johannes moet hoor. Deur die hele evangelie stel Jesus dat Hy gekom het om die Vader te verheerlik sodat die Vader hom sal verheerlik. Hy het nie gekom om ons te verheerlik nie. (Joh. 17: 4, 5)

3. In ons gemeenskap het die uitdrukking “om volgens die eer van jou Naam op te tree”, al feitlik deurgaans ’n negatiewe betekenis. Ons verstaan dit as dat jy jou eer moet handhaaf en beskerm, en dan word bedoel jou eer is ou mag. Jou mag is jou eer, en wanneer jy jou mag handhaaf en beskerm, dan tree jy op volgens die eer van jou Naam. Wanneer jy jou belange, jou aansien, jou invloed en besittings met mag beskerm dan tree jy op volgens die eer van jou Naam.

Daarom het dit in ons gemoed die betekenis van om jou eie met krag en geweld te behou.

In die boek Esegïël is die eer van God se Naam totaal iets anders. Esegïël beskryf in hoofstuk 37: 25 waaroor die eer van God se Naam gaan: “Hulle sal in die land woon wat Ek aan my dienaar Jakob gegee het, ... en my Denaar Dawid sal hulle regeerder wees vir altyd.” God se verbond aan Abraham en Dawid, is die eer van God se Naam. Hoe Hy onderneem het met ’n eed hoe om God te wees volgens hierdie twee beloftes, die Abrahamsbelofte (Eseg. 36:24 -) en die Dawidsbelofte (2 Sam. 7: 11 -) is die eer van sy Naam.

Esegïël wys in hoofstuk 20 dat dit is hoe God altyd God gebly het vir Israel terwyl hulle altyd met oneer opgetree het teenoor God. Ek het vir u die herhaling gelees uit

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

hoofstuk 20 waar God elke keer teenoor die afgodery van Israel optree volgens die eer van sy Naam, en nie volgens hulle sondes nie.

4. God het sy verbondseed om vir Israel te sorg en hulle sy kinders te laat wees binne sy liefde en trou, gehou deur hulle uit Egipte te lei onder die mag van die Farao uit. God het daarmee bly sorg dat hulle Hom onbevange in sy liefde kan dien, in hul eie land, vry van die mag van die afgodsdienste van heidennasies. God se getrouheid in sy sorgsame liefde is die eer van sy Naam.

Israel het God se liefdestrou geantwoord deur 'n goue kalf te maak, en te sê dat hulle goue kalf, en nie God in sy verbondstrou nie, hulle onder die mag van Farao uitgelei het. God het hulle in sy liefdestrou uitgelei om binne die liefde van sy wet te kan leef – jy moet God met jou hele hart, siel en verstand liefhê, en jou naaste soos jouself. Die goue kalf was hulle manier om God se liefdestrou te verander na 'n god wat hulle liefhet omdat hulle so spesiaal was, 'n god wat hulle nie belas met geboorte nie, maar liefhet net omdat hulle so besonders is, en daarom hulle die begeertes van hul hart sal gee.

Teenoor hierdie selfverheerlikende liefde kondig die Here dan aan: “”maar Ek het gedoen wat die eer van my Naam vereis het. (vers 9) God het hulle nie net daar en dan by hul goue kalf uitgelos nie, maar hulle steeds binne sy liefdestrou vasgebou en versorg.

5. God het volgens sy eer gehandel toe Hy hulle vir veertig jaar in die woestyn op baie besondere wyses versorg het en omvorm het van willose slawe na 'n gemeenskap met 'n eie identiteit. In die woestyn het die Here weer vir die volgende geslag gesê: “Moenie volgens die gebruike van julle voorvaders leef nie, moenie aan hulle maniere vashou nie moet julle nie verontreinig met hulle afgode nie.”(vers 18)

Hulle het binne God se liefdetrou in die woestyn egter aangehou met hulle afgodsdienste. Beelde van God gemaak waar God niks anders as hulle self is nie. Elke afgodsbeeld se doel is selfverheerliking: om God se mag, krag, die wil en lewe jou eie te maak. Selfverheerlikend een met God in alles wie God is en wat God doen.

Geestelike narsisme is godsdienstige selfbewondering. Hulle verwag bewondering en spesiale behandeling omdat hulle só spesiaal en besonders is! God moet vir hulle sorg en bewaar in die woestyn – want hulle móét spesiaal behandel word, omdat hulle só spesiaal is.

Sonder enige uitstaande eienskappe!

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

Sonder dat hulle die gebooie van God gehoorsaam. sonder dat hulle God se Sabbatte onderhou as tekens dat God hulle vir sy liefde geheilig het, sonder dat hulle sy bepalinge nakom en leef volgens sy voorskrifte! (vers 19)

Hoe reageer God op hulle selfbewondering? Hy behandel hulle nie met die oneer wat hulle Hom mee behandel deur hulle net daar in die woestyn te los en laat doodgaan in hul fantasieë oor hulself nie. Hy tree op volgens die eer om sy verbond te hou en lei hulle in die beloofde land in. (vers 22)

6. Net so het God volgens sy eer gehandel om vir hulle God te wees volgens sy belofte aan Abraham en toe aan Dawid binne die beloofde land. Israel het God se liefdestrou geantwoord deur die hele beloofde land vol te maak met spesiale heuwels, bome en offerplekke vir afgode. Die mag van hierdie geestelike selfliefde is net soos narsisme beskrywe word: dit ken geen grense tussen jouself en ander nie, skaamteloos vertoon jy jouself aan ander asof jy spesiaal is, maar terselfdertyd doen jy dit eintlik sodat hulle jou besonderheid sal herbevestig en versterk met hulle bewondering. Dit is hoe hulle en hul konings aan die heidennasies al die besondere voorwerpe van hul tempel en paleise ten toon gestel het met die veronderstelling om deur hulle geëer te word as spesiaal en besonders.

Hulle selfvertoning om bevestiging van hierdie nasies te kry beskryf Esegïel in hoofstuk 16 as geestelike hoerery. Die misgissing van hierdie grenslose skaamteloosheid was dat hulle van ander wat ook verwag jy moet hulle liefhê soos hulle hul self liefhet, nie bevestiging gekry het van hoe spesiaal hulle is nie, maar gestroop en geplunder is, van alles waardeur hulle ander se bewondering mee wou verkry.

Dit was die krag agter die ballingskap – waarmee hulle hul spesiaal wou laat lyk, het hulle gevat om te wys hoe spesiaal hulle is. Waarmee hulle ander se bevestiging wou ry hoe spesiaal hulle is, het ander net begeer en gevat, nie hulle voor geëer nie.

Israel het hulle so spesiaal gevoel dat hulle geglo het dat omdat God se tempel in Jerusalem is, sal niemand ooit iets teen hulle kan doen nie, want God sal dit keer omdat hulle so spesiaal is. Dit is presies wat hulle in hoofstuk 20 by Esegïel herbevestig wou kry by God: Jerusalem is so spesiaal dat God nie sal toelaat dat terwyl hulle hier in balling is, die stad met die tempel verwoes sal word nie.

Sonder enige uitstaande eienskappe! God moet hulle stad en tempel spaar omdat hulle so spesiaal is, maar hulle bly aanhou met hulle afgodsdienste.

7. Teenoor hierdie verwagting van spesiale behandeling kondig Esegïel dan aan dat God Jerusalem en die tempel gaan vernietig deur die Babiloniërs. Israel is nie so

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

spesiaal dat hulle hul teen 'n grootmoontheid kan verset en dan van God spesiale behandeling kan verwag terwyl hulle met afgodery besig is nie.

Teenoor hierdie verwagting om spesiaal behandel te word omdat hulle voel hulle is besonders en anders, stel Esegïel dan weer hoe God God bly vir sy volk: wanneer Ek met julle handel soos die eer van my Naam dit vereis en nie volgens julle sondes, julle slegte daade nie, sal julle besef dat Ek die Here is.”

Dit is God se verbondsonderneming dat Hy ons onder al die heidene as sy volk sal byeenbring, ons van ons sondes sal reinig, sy Gees in ons sal gee om deel van liefde te wees, ons sondige aard sal wegneem en ons 'n geaardheid sal gee om Hom volgens sy gebooië lief te hê. Hierdie onderneming sal God deur sy dienaar Dawid waarmaak. (Eseg. 37: 25, 26) God bly op hierdie wyse getrou aan Homself om altyd volgens die eer van sy verbondsonderneming te handel. Hy onteer Homself nooit om 'n god te wees wat ons behandel volgens ons sondes nie. Hy tree op volgens sy eer om sy verbondsbeloftes aan ons te vervul

Dit is wat Christus aankondig in sy woorde dat Hy met sy daade op aarde, sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, die Vader verheerlik het en dat die Vader Hom nou as Seun van Dawid sal verheerlik met die mag om sy verbond waar te maak vir sy kinders.

8. Dit is hoe ons Christus as Here moet ontdek! Hy verheerlik die Vader en die Vader verheerlik Hom! Wat hy doen in sy lyding en opstanding is om te handel volgens die eer van sy Naam – sy belofte hoe hy vir sy kerk God sal wees.

Christus verheerlik die Vader en die Vader verheerlik sy Seun! Hulle verheerlik nie vir ons nie. Hulle tree op volgens die eer van hulle verbondstrou, nie omdat ons so spesiaal en besonders is nie.

Dit sien ons in die kragtige werking van God se troue liefde waarin Hy ons insluit deur sy Gees wat Hy aan ons gee. (Joh. 20: 22) Hierdie Gees is die Gees wat ons tot bekering bring van ons selfbewondering dat ons so spesiaal is dat God alles wat Hy doen net doen omdat ons so besonders is.

“Daar sal julle julle optrede en al die dinge waarmee julle julle verontreinig het, in herinnering roep en julle sal 'n weersin in julleself kry oor al die sondige dinge wat julle gedoen het.” (20:43) Die “daar” in hierdie sin, is daar waar hulle ontdek dat God hulle volgens die eer van sy Naam behandel. In hierdie geloof ontdek gelowiges dat wat hulle ervaar het as hoe spesiaal en besonders hulle is, is niks anders as selfverontreiniging gewees nie. Dit is hoe narsisme uitgeleef word: om met jou self behep te wees, sonder enige empatie, meelewing met ander, skaamteloos net ingesteld op jou fantasie van jou eie sukses, aantreklikheid, mag en slimmigheid.

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

Wie selfbehep skaamteloos ander gebruik om hul selfliefde te herbevestig, is nie besig om besonders en spesiaal te wees nie. Hulle is net besig om hul self te verontreinig vir die liefde waarvoor hulle bedoel is: om ander soos jouself lief te hê. Alle sonde word uitgeleef as die drif dat ander my sal liefhê, soos ek myself liefhet!

Wie ontdek dat God nie die God is wie my liefhet omdat ek so spesiaal en besonder is nie, ontdek dat God God is volgens sy eer hoe om sorgsaam en liefdevol God te wees volgens sy verbond.

9. Wie glo dat God optree volgens die eer van sy Naam, eer God vir sy liefde om sorgsaam te wees volgens sy belofte om God te wees soos Hy God is: Ek is wat Ek is! (Ex. 3:14)

Hierdie eer wat God in ons skep vir wie Hy is, bring weer die grens terug tussen wie god is en wie ons is in ons lewe. Dit is hoekom mense wie leef in die geloof dat ander hul moet liefhê soos hul hulself liefhet, skaamteloos is!

Alle narsisme is grensloos. Dit ontken en verbreek alle grense tussen jou en ander sodat almal net gebruiksartikels word waarmee jy jou eie besonderheid herbevestig! Waar daar nie grense is nie, nie eer en eerbied vir wie ander is nie, is daar geen skaamte nie. Skaamteloos selfbehep en selfbewonderend in die waan dat ander jou net so bewonder soos jy jouself bewonder!

Wie God vertrou dat Hy God is volgens sy verbondsonderneming, word iemand wat weer eerbied vir ander kry en skaam is oor hulle liefdelose selfbeheptheid. Esegïël wys dat die herstel van skaamte deur God se getroue liefde, is die krag wat gelowiges mense maak wat weer tot bekering kan kom: "Julle moet weet, sê die Here my God, dat Ek dié dinge nie ter wille van julle doen nie. Al wat julle pas, Israel is skaamte en skande oor julle optrede." (Eseg. 36: 32)

10. Wat gebeur wanneer mense in hierdie selfliefde: "Ander moet moet my liefhê soos ek myself liefhet, omdat ek so besonders is, so spesiaal is, tot die werklikheid geruk word dat hulle nie spesiaal en besonders is nie, dat hulle net soos ander mense is?

Dit was die geloofskrisis van die Jode in ballingskap. Hulle het ontdek hulle is nie spesiaal en besonders nie. Hulle is net soos ander mense! En hierdie ontdekking het hulle hul geloof laat verloor in God.

Kan u die ironie hoor? Wanneer ek agterkom ek is net soos ander mense, nie besonders en spesiaal nie, dan kan ek nie meer in God glo nie! Hoekom nie? Omdat God net daar was om vir my die bevestiging te gee dat ek spesiaal is. God moes my verwronge selfliefde herbevestig! God moes my selfbewondering voed met spesiale voorkeurbehandeling! God moes my fantasieë oor my sukses, my aantreklikheid, my

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

slimmigheid en mag net verseker, sonder dat ek enige uitstaande eienskappe gehad het.

Daarom was die krisis van hierdie verwronge selfliefde dat hulle nou op moet gaan en verswelg moet word in hul eie grensloosheid – binne die selfliefde van mense wat sterker, slimmer, meer invloedryk en meer kragdadig is as hulle! Die Babiloniërs! En daarom moet hulle nou by die Babiloniese gode kry wat hulle nie by God kon kry nie: die bevestiging van hoe spesiaal en besonders hulle kan wees om Babiloniërs te wees. Wat God nie vir hulle kon doen nie, kan die Babiloniese gode nou vir hulle doen!

11. God ruk die Jode uit hierdie geloofsverwarring terug tot die werklikheid van wie hulle is in die woorde van die Here: “Jou pa was ’n Amoriet, jou ma ’n Hetiet. Toe jy gebore is ... was niemand oor jou besorg of het soveel vir jou oorgehad dat hy een van hierdie dinge vir jou gedoen het nie. Jy is met afsku behandel en in die veld weggegooi die dag toe jy gebore is. ... Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: Leef!” (Eseg. 16: 1 – 7)

As Joodse nasionale gemeenskap de was hulle nie spesiaal en besonders nie. Hulle was net nog ’n mengsel van groot heidennasies, en eintlik net ’n klein gemeenskappie tussen magtige nasies, glad nie spesiaal en besonders soos die ander magtiges nie.

Wat hulle gemaak het wie hulle is, is God se sorg en liefde, toe hul vir niemand spesiaal en besonders was nie. Inteendeel, toe almal hulle vir hul nietigheid geminag het.

God behandel ons nie soos Hy ons behandel omdat ons spesiaal of besonders is nie, maar omdat Hy getrou is in sy liefde om sy verbond om God te wees te onderhou vir die eer van sy Naam!

Elkeen wie hierdie geloof kon terugvind in Babilon, het God bly eer vir wie Hy is en het nie nuwe gode gaan soek wat hulle weer laat voel het hulle is spesiaal en besonders nie. Hulle was skaam oor hul verwronge selfliefde en kon weer hul naaste lief hê soos hul self, nie bewonder as spesiaal nie.

12. Jesus Christus het vir ons sondes gely en gesterf, maak ons vir God se liefde heilig en reg, omdat Hy optree volgens die eer van sy Naam, nie om omdat ons so spesiaal en besonder is nie. God bewonder ons nie. Hy het ons lief en laat ons binne sy sorgsame en troue liefde leef, en behandel ons nooit volgens ons sondes nie.

Ons moet hierdie geloof in God vandag weer terugvind as ons nie wil opgaan in die drif om nuwe gode te soek om ons weer spesiaal te laat voel en net weer ons besonderheid in ons verwronge selfliefde te wil herbevestig nie.

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

Dit is hoe ons mislei was: God het ons as Afrikaners lief omdat ons so besonders en spesiaal is! Sê wie? Die geestelikes tydens die simboliese ossewatrek van 1938! Jesus het julle so lief dat God sy Seun vir julle opgeoffer het! En so word hulle deel van die mag van die nuwe Afrikaner-nasionalisme! En alle ander mense moet ons selfbewondering herbevestig in ons fantasieë van mag, sukses en slimigheid.

Hierdie Jesus wie vir jou opgeoffer word omdat jy so spesiaal is, is net nog 'n afgod sonder enige wette gewees soos die goue kalf! Was 'n afgod wat mense net so gevoelloos vir ander gemaak het soos die goue kalf!

En nou! Nou is hierdie geestelikes net soos die Jode wat in balling is wat by Esegïel wil kom hoor dat hulle so spesiaal is dat God nie wat in Palestina oor is, sal laat vernietig nie. Nog steeds word vir ons vertel ons is so spesiaal, so besonders dat net ons die land sal kan reg kry, net ons die opheffings in arm gebiede kan doen wat ander nie kan doen nie.

13. Hoekom?

Want as ons nie meer spesiaal en besonder is nie, kan ons nie meer in God glo nie! Kan ons nie meer glo in die God wat ons so bewonder het dat Hy sy Seun spesiaal net vir ons opgeoffer het om vir ons te bevestig hoe spesiaal ons is nie!

U kan maar al die nuwe ongelowigheid in ons kerk toets wat nou skielik nie meer in Jesus kan glo nie! Is dit omdat God nie volgens die eer van sy Naam optree nie, of omdat die Jesus wat hulle so spesiaal gemaak het, nie meer hulle selfliefde kan bevestig nie!

U kan ook maar al die nuwe hatigheid teen ons gemeenskap uit ons eie geledere toets, oor hoe sleg ons skielik sou wees en hoe sleg ons onself nou moet sien! Die ironie van hierdie selfhaat in ons gemeenskap is dat hulle hul self en ons wil haat om net weer die gevoel te kry hoe spesiaal hulle is. Is hierdie selfhaat werklik die skaamte van gelowiges oor hulle God net die God van hul selfliefde gemaak het, of is dit net die woede omdat hulle nie meer spesiaal en besonders kan voel deur ons gemeenskap se krag en mag nie?

Hoe kan ons vir die Here behoue bly binne hierdie nuwe soeke na nuwe gode wie jou weer sal laat voel jy is spesiaal en besonders?

In Jesus Christus se lyding en opstanding moet ons weer ontdek hoekom Hy doen wat hy doen! Omdat Hy die Here is wie ons nie volgens ons sondes behandel nie, maar volgens die eer van sy Naam: die eer dat Hy getrou is in sy sorgsame liefde om vir ons God te wees soos Hy God is! Die geestelikheid dat ons so spesiaal is dat God sy Seun vir ons opoffer is 'n duiwelse leuen vir selfverheerliking.

Christus vergewe ons omdat God se vergifnis sy eer is nie omdat ons so spesiaal is nie

Waarin wil ons behoue bly? In ons selfverheerliking dat ons spesiaal is of in die vaste sekerheid, God sal my altyd behou binne sy troue liefde volgens die eer van sy Naam?

Kom ons neem weer ons toevlug in die geloof in Jesus Christus wie hierdie verbond vervul: “Wanneer Ek met julle handel soos die eer van my Naam vereis en nie volgens julle sondige optrede, julle slegte daed nie, sal julle besef dat Ek die Here is.” (20: 44) “Daar sal julle julle optrede en al die dinge waarmee julle julle verontreinig het, in herinnering roep en julle sal ’n weersin, (skaamte) in julle self kry, oor al die sondige dinge wat julle gedoen het.” (20:43) Sal julle weer ’n lewe kan leef waar julle van sondes bekeer en julle nie daarin selfverheerlik nie.